Rooivleis:
Só lyk die pad vorentoe

Die belangrikste spelers in die rooivleisbedryf is dit eens: Uitvoer gaan die toekoms bepaal, gehalte bly ononderhandelbaar en navorsing is nodig om Suid-Afrika 'n broodnodige mededingende voordeel te gee.

Die toekoms van die rooivleisbedryf is onlangs deur meer as 100 deelnemers, wat die hele rooivleiswaardeketting verteenwoordig, by 'n werksessie bespreek en oordink. Dié werksessie, wat die steun van **mnr. Senzeni Zokwana**, die Minister van Landbou, geniet het, is by die hoofkantoor van die Landbounavorsingsraad (LNR) in Hatfield, Pretoria, gehou en is gekoördineer deur mnr. Chris Klopper van Syntagm.

Mnr. Senzeni Zokwana

In sy openingsrede het Zokwana sy steun vir die werksessie herbevestig en ook sy steun toegesê aan die bedryf se pogings om 'n beter pad vorentoe te vind. "Die Regering sal die inisiatiewe ondersteun waarmee die bedryf, in vennootskap met die departement, vorendag kom." Hy het onder meer verwys na die Regering se onlangse hulp aan die veebedryf om uitvoerprotokolle te bekom om die uitvoermark na China oop te maak.

Die minister was opgewonde oor die potensiële bydraes van die rooivleisbedryf tot uitvoer, wat tot 'n beter handelsbalans sal lei. Hy het beklemtoon dat die toekoms alle belanghebbendes, ook die kommunale boere, moet insluit. "Die doelwitte van Operasie Phakisa en dié van die werksessie stem baie ooreen."

Prof. Norman Maiwashe

" 'n Inkomende gety lig alle bote op", was die tema van die voorlegging van **dr. Michael Bradfield**, 'n lid van die taakspan. "Die internasionale rooivleisbedryf is baie mededingend en net 'n 'Span Suid-Afrika'-benadering sal werk as ons internasionaal wil meeding."

KORTOM

- Samewerking in die rooivleisbedryf is nou nodig om die hele waardeketting te bevoordeel.
- Belangrike lesse is te leer by Australië, wat van heel onder in die bedryf gevorder het tot heel bo-aan.
- Besin oor struikelblokke met siektes en oor 'n naspeurbaarheidstelsel om toekomstige uitvoer te beveilig.

By Gullfoods, die wêreld se grootste handelskou wat jaarliks in Doebai plaasvind, het lande, soos Amerika, Australië, Ierland en selfs Egipte, 'n "span"-benadering om gesamentlik hul rooivleisbedryf te bemark.

"Dit sal 'n hartseerdag wees as die bedryf nie kan saamwerk tot voordeel van die hele waardeketting nie. Dit is tyd dat die bedryf eienaarskap aanvaar pleks daarvan om voortdurend na die Regering te kyk vir finansiering."

Prof. Norman Maiwashe, hoof van die LNR se Instituut vir Diereproduksie, het die Vleisbeesgenomikaprojek (BGP) gebruik as 'n voorbeeld van hoe die bedryf en die Regering suksesvol saamgewerk het.

"Die rooivleisbedryf kan voordeel trek deur 'n soortgelyke model te volg."

SUKSESVERHAAL IN AUSTRALIË

Mnr. Don Heatley, voormalige voorsitter van Meat and Livestock Australia (MLA), het die MLA gebruik as 'n voorbeeld van wat bereik kan word as 'n bedryf saamwerk en homself finansier.

Twintig jaar gelede was die Australiese verbruiker besig om vertroue in produkte te verloor wat 'n goeie eet-ervaring betref.

"Sappigheid, smaak en dieregesondheidskwessies was ernstige redes tot kommer vir plaaslike en internasionale verbruikers."

Soos in alle bedrywe was aansienlike ▸

Sappigheid en smaak is ernstige oorwegings vir verbruikers.

Mnr. Don Heatley

finansiering nodig om die bedryf te laat vorder. In Australië word 'n transaksieheffing deur alle deelnemers in die waardeketting betaal elke keer as eienaarskap verander. Die heffing is tans vyf dollar (R50) per transaksie vir beesvleis, en 2% van die verkoopprys vir skaapvleis. Só is meer as A$120 miljoen per jaar ingesamel, waarvan A$90 miljoen jaarliks vir navorsing en bemarking aangewend word. Die navorsingskomponent word in gelyke mate deur die Australiese regering gefinansier.

"Sonder geld sal die bedryf bloot stagneer. Vir elke dollar wat belê word, is die beleggingsopbrengs sowat vyf dollar."

Don het ook gesê dat die MLA só saamgestel is dat dit onafhanklik van die onderskeie waardeketting-lede se verteenwoordigende forums is. "Moet nooit die politiek van bedryfsliggame met besigheid meng nie," het hy benadruk.

"Skep 'n private, goed gefinansierde, resultaatgedrewe liggaam en stel die beste kommersieel-georiënteerde mense aan om daarvoor te werk."

Die bedryfsliggame speel 'n belangrike oorsigrol en was betrokke by die opstel van doelwitte en verlangde uitkomste.

In sy tyd by die MLA het Don toesig gehou oor die implementering van 'n nasionale naspeurbaarheidstelsel, voedselversekeringgesondheidstelsel en die totstandkoming van Meat Standards Australia (MSA), 'n gehalteversekeringstelsel. Hy het verskeie kere gesê dat hy nie die Suid-Afrikaanse bedryf wil voorsê wat om te doen nie, maar bloot vertel oor sy eie ervaring en hoe hy daarin geslaag het om die Australiese rooivleisbedryf te help om internasionaal van heel onder tot heel bo te laat vorder.

LESSE UIT DIE WYNBEDRYF

Mnr. Rico Basson, uitvoerende hoof van VinPro, het sy perspektief gegee oor hoe die wynbedryf getransformeer het deur die implementering van hul strategiese Wise-projek ('n gesamentlike bedryfstrategie) en hoe hulle navorsing, marktoegang en -ontwikkeling gefinansier het.

Mnr. Rico Basson

VinPro is 'n produsente-organisasie wat die belange van sy lede bevorder deur onder meer navorsing, swart ekonomiese bemagtiging, strategiese ondersteuning en die oordra van inligting.

Die wynbedryf in Suid-Afrika het 'n "plaashek"-omset van R5,7 miljard en samel byna R100 miljoen per jaar in met sy statutêre heffing, wat 1,8% van die omset verteenwoordig.

Terwyl Suid-Afrika 'n uitstekende produk in die wynbedryf het, word dit steeds internasionaal onderwaardeer. Rico se boodskap was dat baie min sonder finansiering bereik kan word. "Sonder 'n duidelike strategie maak dit egter nie saak hoeveel hulpbronne jy het nie, want dit sal nooit genoeg wees as jy nie weet hoe om die geld wat jy ingesamel het, te gebruik nie."

Volgens hom is die wynbedryf bereid om berekende risiko's te neem.

"Sonder risiko's kan jy nie verwag om 'n wins te maak nie. Dieselfde kan oor verandering gesê word, want sonder verandering sal minder moontlikhede na vore kom. 'n Mens het verandering nodig, maar jy benodig ook 'n plan wat verstaan kan word."

'PLAN EN FINANSIERING NODIG'

Dr. John Purchase, uitvoerende hoof van Agbiz, het die belangrikheid van 'n totale waardeketting-benadering uitgelig. "In wese ding waardekettings oor lande en vastelande heen in oop mededingende stelsels teen mekaar mee om voedselsekerheid te verskaf. As jy wil meeding, het jy 'n plan en finansiering nodig."

Dr. John Purchase

John het ook verduidelik dat die uitvoervolumes van beesvleis (bevrore en vars/verkoel) aansienlik toegeneem het: van 15 000 ton in 2012 tot byna 40 000 ton verlede jaar. Die waarde van beesvleisuitvoer het in dieselfde tydperk van sowat R300 miljoen tot byna R2,5 miljard gestyg. Dit dui op die verbeterde mededingendheid van die bedryf en hou goeie vooruitsigte in vir verbeterde marktoegang en inklusiewe groei.

"Die sleuteluitdaging sal wees om oorkoepelende samewerking en 'n 'hele sektor'-benadering te kry. Dit moet gedoen word vir die bedryf om vorentoe te beweeg. Die klem moet ook op die verbruiker lê. Suid-Afrika het 'n gesonde, robuuste bedryf met meer potensiaal as wat tans benut word. Die geleenthede is 'n groeiende bevolking, veranderende verbruikersbestedingspatrone en nuwe markte, veral in Afrika en die Ooste."

HEFFING NODIG OM MEE TE DING

Mnr. **Dave Osborne** van Queenstown in die Oos-Kaap is die voorste varkprodusent

Mnr. Dave Osborne

en een van die grootste vleisbeesprodusente in Suid-Afrika. Dave het daarop gewys dat die verbruik per kop van bees-, pluimvee-, skaap- en varkvleis die afgelope vyf jaar redelik dieselfde gebly het. Die statutêre heffing op varkvleis is 0,5% van die jaarlikse omset van R4,7 miljard.

Hy het dit vergelyk met die rooivleisbedryf wat 'n jaarlikse omset van digby R30 miljard het, maar 'n statutêre heffing van slegs 0,09% (dus minder as 1%) het. "Die beesvleisbedryf het 'n heffing van minstens R47 per dier nodig om met ander bedrywe mee te ding. Dit geld ook skape en bokke."

Dave glo die varkvleisbedryf is baie meer gevorderd wat sy strukture vir bioveiligheid en naspeurbaarheid betref, en wys daarop dat die bedryf se nasionale gehalteversekeringskema wyd gebruik word.

BESIN OOR SIEKTE-PROBLEME

Prof. Johan Willemse, 'n ekonoom verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat en konsultant by Agrimark Consultants, meen die rooivleisbedryf het toegelaat dat sy produk 'n kommoditeit geword het wat op grond van prys met ander proteïene meeding.

Prof. Johan Willemse

"Die huidige klassifikasiestelsel gee aan verbruikers min leiding wat eetgehalte betref."

Hy sê ook die huidige bedryfstrukture moet herdink en herontwerp word.

" 'n Duidelike strategie vir die toekoms is nodig.

"Beesvleisuitvoer stabiliseer die Suid-Afrikaanse mark, maar ons moet ernstig besin oor ons eie struikelblokke met siektes. Ons moet ook 'n vrywillige naspeuringstelsel oorweeg om die plaaslike mark en toekomstige uitvoer te beveilig."

Dr. Shadrack Moephuli

'n Gedifferensieerde produk, 'n skoon, "groen" en veilige beeld en toegang tot premie-markte is nou nodig, het hy gesê.

Dr. Shadrack Moephuli, uitvoerende hoof van die LNR, het mense daaraan herinner dat pres. Jacob Zuma die LNR gebruik het as die plek om Operasie Phakisa van stapel te stuur, wat dui op die belangrike rol wat die LNR in die landboubedryf speel.

Die LNR bly verbind tot die BGP en is trots op die aansienlike belegging van Suid-Afrika in die Biotegnologie-platform (BTP) by Onderstepoort, wat die LNR aan die voorpunt van genetiese tegnologieë plaas.

"Die LNR is gereed en in staat om saam met die lewendehawebedryf te werk om versnelde groei te bewerkstellig binne die raamwerk van groter deelname van die kommunale boer in 'n geïntegreerde waardeketting."

Hy het die spelers in die rooivleisbedryf aangemoedig om met mekaar in verbinding te tree, saam die mark te ontgin en as een Span Suid-Afrika saam te werk om groot sukses te bereik.

Mnr. Thys Meyer

Hy het herhaal dat die LNR se Intergis-stelsel ontwerp is om 'n sentrale rol te speel in die inwerkingstelling van die nasionale identifikasie-en-naspeurbaarheidstelsel. "Die LNR is daartoe verbind om navorsing en tegniese ondersteuningsvermoë te ontwikkel om aan die vereistes van die lewendehawebedryf te voldoen."

LEIERSKAP NODIG

Laastens, in terugvoering verskaf deur die groep moderators en opgesom deur **mnr. Thys Meyer**, 'n vleisbeesboer, sakeman en programdirekteur van die dag, was daar oorweldigende steun van die deelnemers vir 'n beter finansieringsmodel wat die vleisbeesbedryf in staat sal stel om mee te ding met ander bedrywe, en dit vir Suid-Afrika moontlik sal maak om internasionaal mededingend te wees.

Duidelike aanduiding is gegee dat daar oorweldigende steun was vir die strategiese proses om voort te gaan.

Die finale boodskap om te oordink, was:

- Die proses moet inklusief wees (alle belanghebbendes moet deel van die oplossings wees).
- Die inisiatief het die steun van die Regering en die bedryf is bereid om met die Regering saam te werk.
- Die bedryf is bereid om beheer te aanvaar van sy eie bestemming en glo dit behoort sy eie toekoms te finansier.

Al wat nodig is, is leierskap, 'n duidelike visie en 'n strategie om dit toe te pas. **LBW**

Dr. Michael Bradfield dien in die taakspan wat die werksessie gereël het. Hy skryf in sy persoonlike hoedanigheid.

Die organiseerders wil graag die Tegnologie-innovasie-agentskap (TIA) en Beesvleis-genomika-projek (BGP) bedank vir die finansiering van die werksessie en die proses wat daartoe gelei het.